

LUCAS MEYER PRIMÊRE SKOOL

TOELATINGSBELEID

(Hersien en aangepas 2021)

1. AANGESIEN:

Lucas Meyer (hierna "die Skool") 'n openbare skool is met regs persoonlikheid ingevolge die bepalings van artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 (soos gewysig) (hierna "die Skolewet") waarvan die beheer aan sy skoolbeheerliggaam (hierna "die SBL"), soos in artikel 16 van die Skolewet, toevertrou is;

Die SBL ingevolge artikel 5 van die Skolewet by magte is om onderhewig aan die bepalings van die Skolewet en enige toepaslike provinsiale wet, die Skool se beleid rakende die toelating van leerders tot die Skool en grade by die Skool te bepaal;

2. TREFWYDTE

Die skool sal binne perke van sy personeel en fasiliteite sy opvoedingsvermoë stel tot beskikking van soveel leerlinge moontlik wat self en/of wie se ouers berus by die skool se Christelike karakter, waardes en norme, kultuuraard, taal-onderrigmedium en gesagstruktuur.

3. STANDAARDE

Daar sal gepoog word om voortdurend 'n hoë opvoedkundige standaard te handhaaf op akademiese sowel as ko-kurrikulêre gebied, met die voorbehoud dat elke leerling in sy uniekheid erken sal word.

4. STABILITEIT

Die belangrike beginsel van stabiliteit en sekerheid tydens leerlinge se skoolloopbaan word erken. Groot veranderinge in onderrig en onderrig-omstandighede sal nie sonder deeglike oorweging en te vinnig onderneem word nie.

5. DIE SKOOLGEMEENSAP

Dit word as volg omskryf: Leerlinge, personeel, ouers, voornemende ouers, gewese ouers, oud-skoliere, oud-personeel en gemeenskapsleiers.

6. ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES VIR LEERLINGE

- 6.1 Ouers moet vooraf skriftelik aansoek doen deur die toepaslike aansoekvorm te voltooi en by die kantoor in te dien.
- 6.2 In sommige gevalle kan 'n onderhoud met die hoof of sy gevolmagtigde afgedwing word, waarby verkieslik beide ouers/voogde, sowel as die leerlinge betrokke, teenwoordig moet wees.
- 6.3 Na voltooiing van 'n skooljaar moet ouers aansoek doen om hertoelating indien toepaslik.
- 6.4 Die ouer en leerling berus by die skool se standpunt insake die Christelike geloof as karakter van die skool soos bepaal deur die grondslag en missie van Lucas Meyer Primêre Skool.
- 6.5 Die ouer en leerling berus daarby dat die medium van onderrig Afrikaans is. Engels word onderrig as Tweede Taal.

- 6.6 Die volgende dokumentasie vir elke kind moet saam met die aansoekvorm ingehandig word:
- 6.6.1 I.D - Dokument/Geboortesertifikaat/Paspoort;
 - 6.6.2 Indien toepaslik, die jongste skoolastiese rekords (rapporte en ander verslae);
 - 6.6.3 Waar toepaslik 'n oorplasingbrief.

- 6.7 Leerlinge waarvoor aansoek gedoen word, moet die aanvaarde ontwikkelingspeil en/of voldoende bemeestering van afgehandelde akademiese inhoud openbaar.

Die skool kan na goeddunke in die verband die volgende toetse onder toesig intern laat aflê met die oog op sinvolle klasplasing:

- 6.7.1 Graad 1 leerlinge - 'n Skoolgereedheidstoets:

- 6.7.2 Graad 2 - Graad 7 leerlinge : Gestandaardiseerde toetse om die volgende te toets met die oog op sinvolle plasing of groepering:

6.7.2.1 Taalvaardigheid: spel, lees, skryf en begripsvermoë van die Afrikaanse taal, sowel as algemene kennis.

6.7.2.2 Wiskundige vaardigheid.

- 6.8 Die volgende ouderdomsraamwerk is bepalend:

Graad 1: (Maksimum ouderdom 7 jr)

Graad 2: (7.5 - 9.4 jr)

Graad 3: (8.5 - 10.4 jr)

Graad 4 : (9.5 - 11.4 jr)

Graad 5: (10.5 - 12.5 jr)

Graad 6: (11.5 - 13.5 jr)

Graad 7: (12.5 - 14.5 jr)

(Laasgenoemde ouderdom verwys na die maksimum ouderdom soos op 1 Januarie van die betrokke jaar).

- 6.9 Aansoekers onderneem om eerbied te toon vir skoolreëls en aanvaarding van skoolgesag.
- 6.10 Aansoekers onderneem om skoolgelde, soos deur die Beheerliggaam bepaal, volgens voorskrif te betaal tensy ander reëlins getref kan word.
- 6.11 Leerlinge wat uit 'n ander skool/e geskors is of gevra is om die skool te verlaat, sal slegs na 'n deeglike meriete ondersoek toegelaat word.
- 6.12 Die leerling nie op die stadium van toelating, of tevore, of na toelating, hom aan die volgende skuldig gemaak het of sal maak nie:
- 6.12.1 Drank- en dwelmmisbruik;
 - 6.12.2 Duiwelaanbiddery;
 - 6.12.3 Onsedelike praktyke;
 - 6.12.4 Kriminele rekord.

7. **KOSHUIS**

Al die bogenoemde kriteria waar van toepassing is net so van krag ten opsigte van koshuisleerlinge.

8. **VOLGORDE VAN VOORKEUR MET BETREKKING TOT TOELATINGSAAANSOEKE**

- 8.1 Tensy en totdat die Departementshoof (Onderwys) (hierna "DH") in oorleg met die SBL anders besluit, is die natuurlike voedingsgebied van die Skool Vryheid.
- 8.2 Die Skool is tans 'n Afrikaansmedium-instelling en beskik dus oor menslike hulpbronne wat hoofsaaklik voorsiening maak vir daardie leerders wie se moedertaal of gekose onderrigtaal die onderrigtaal van die Skool is.
- 8.3 Aangesien die Skool en die SBL weet dat hulle nie onregverdig teen 'n leerder mag diskrimineer namens wie 'n toelatingsaansoek ingedien word nie, en dus geensins voornemens is om te diskrimineer nie, en hoewel hulle graag hulle deel tot leerderonderrig in vennootskap met die Staat wil bydra, begryp hulle dat die Skool nie alle leerders kan inneem nie en dat een of ander vorm van (billike) diskriminasie rakende leerdertoelating onvermydelik is. Daarom en in die lig van voorgenoemde, is dit die Skool se beleid dat aansoeke in die volgende volgorde van voorkeur hanteer word:
- (a) Eerstens, aansoeke namens leerders wat *bona fide* (werklik) saam met hulle ouers (soos in die Skolewet omskryf) binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, en wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is.
 - (b) Tweedens, aansoeke namens leerders wat *bona fide* (werklik) saam met hulle ouers (soos in die Skolewet omskryf) binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, en wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die toelatingsaansoek aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is.
 - (c) Derdens, aansoeke namens leerders wie se ouer(s) werklik by 'n adres binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool in diens is, en wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is.
 - (d) Vierdens, aansoeke namens leerders wie se ouer(s) werklik by 'n adres binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool in diens is, en wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die toelatingsaansoek aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is.
 - (e) Vyfdens, aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is, en wat 'n vak/vakke wil neem wat deur die Skool en nie deur 'n ander skool nader aan die leerder se woonplek aangebied word nie.
 - (f) Sedsens, aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die aansoekvorm aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is, en wat graag 'n vak/vakke wil neem wat deur die Skool en nie deur 'n ander skool nader aan die leerder se woonplek aangebied word nie.
 - (g) Laastens, aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon en wie se moedertaal of gekose onderrigtaal die onderrigtaal van die Skool is, op 'n eerste-kom, eerste-keuse-grondslag.

- 8.4 Nieteenstaande voorgenoemde behou die SBL die reg om oorheersende voorkeur te gee aan broers of susters van leerders wat reeds by die Skool ingeskryf is.
- 8.5 Aansoekers uit gesinne wat lede van die skoolgemeenskap is (of was) of hulle tuiste in die onmiddellike omgewing van die skool het, se aansoeke geniet voorkeur.

LET WEL:

1. Die toelatingsbeleid word volgens die diskresie van die Bestuursliggaam en Hoof geïmplementeer en hulle kan na goeë dinge vereistes en kriteria spesifiseer wat op alle leerlinge van toepassing sal wees, mits dit versoenbaar is met die S.A Skolewet.
2. Toelatingsvereistes en kriteria moet nie vertolk word as wyses om die wetlike voorskrifte ongeldig te maak of te omseil nie.



MNR. K. EICKER
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

07-09-2021

DATUM



MNR. T.A. DLAMINI
KRINGBESTUURDER: BHEKUZULU

2021.09.14

DATUM